basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**ONTWERP V1**

**(TEORIE)**

**FEBRUARIE/MAART 2017**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 100**

**Hierdie memorandum bestaan uit 25 bladsye.**

**AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID**

**'ONGESIENE' VOORBEELDE**

**BEANTWOORD ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.**

**VRAAG 1 [10 punte]**

1.1 **(Ken 'n maksimum van twee punte per element en beginsel toe)**



- **BALANS**
  Hierdie beelde is op 'n tweesydige simmetriesgebalanseerde wyse gerangskik om 'n gevoel van orde en kalmte te skep. ☑ Die groepering van die beelde in 'n sirkelvorm rondom 'n groot sentrale motief vertoon duidelik die straalvormige balans. ☑

- **FOKUSPUNT**
  Die DC ronde hanger aan 'n ketting is die oorheersende fokuspunt omdat dit reg in die middel geplaas is. ☑ Dit is duidelik die grootste beeld in die illustrasie. ☑ Die twee punte van die hart lei ook die oog na die DC hanger. ☑

- **RITME**
  Die herhaalde beelde, byvoorbeeld hoede, tekkies, selfone en ringe laat die oog in 'n vertikale, horisontale en sirkelbeweging dwaal. ☑ Die herhaling van baie ronde beelde, byvoorbeeld die ringe en die sentrale hanger en die blombeeld, dra ook tot die skepping van 'n sirkelagtige ritme by. ☑

- **KONTRAS**
  Die plein, plat agtergrond kontrasteer sterk met die veelvuldige beelde waarvan baie fyn detail bevat. Dit skep 'n lewendige, amper glinsterende oppervlak. ☑ Klein motiewe soos die klein blink sterretjies kontrasteer met groter motiewe soos die hoed en die geldsak wat die oppervlak ook opkikker. ☑ Hierdie glinsterende gevoel kommunikeer oorvloed en rykdom. ☑


- **FATSOEN**
  Die beelde is almal plat en vereenvoudig om 'n duidelike en skoon komposisie wat maklik leesbaar is, te skep. ☑ Die geldsak, hoed, tekkie en bottel is organiese vorms wat beweging oordra terwyl die selfoon, diamant en ander edelgesteentes geometries is en hierdie beweging stabiliseer. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

<table>
<tr><th>V.1.1<br>VLAK</th><th>KOGNITIEWE VAARDIGHEDE</th><th>GEWIGS-<br>TOEKENNING</th><th>VRAE</th><th>PUNTE<br>(10)</th></tr>
<tr><td rowspan="2">Laer Orde</td><td>Onthou, Herroep, Herken</td><td rowspan="2">30%</td><td>1.1</td><td>2</td></tr>
<tr><td>Verstaan, Verduidelik, Beskryf</td><td>1.1</td><td>1</td></tr>
<tr><td>Middel Orde</td><td>Toepas, Implementeer, Organiseer</td><td>40%</td><td>1.1</td><td>4</td></tr>
<tr><td rowspan="3">Hoër Orde</td><td>Analiseer, Interpreteer</td><td rowspan="3">30%</td><td>1.1</td><td>1</td></tr>
<tr><td>Reflekteer, Oordeel</td><td>1.1</td><td>1</td></tr>
<tr><td>Sintetiseer</td><td>1.1</td><td>1</td></tr>
</table>

**OF**

1.2 **[Ken 'n maksimum van 2 punte per ontwerpterm toe vir 'n totaal van 10 punte]**



- **EKLEKTIES**
  Die term eklekties beteken om van 'n verskeidenheid ontwerpstyle/-periodes te leen om 'n nuwe, unieke ontwerp te vorm. ☑ Die eenvoudige reghoekvorm van die bank verwys na die Bauhaus en Modernistiese ideale van Minimalisme en 'Minder is Meer'. ☑ 'n Ander moontlike verwysing is die Skandinawiese Ontwerp se klem op funksionaliteit, skoon lyne, ligte materiale en helder kleure en hul gebruik van volhoubare materiale. ☑ Die Postmodernistiese geloof in omgewingsgoedgesinde ontwerpe is ook sigbaar in hierdie produk se gebruik van geweefde herwinde plastiek. ☑

- **GETROUHEID AAN MATERIALE**
  In lyn met die filosofie 'getrouheid aan materiale' is die hout van die bank ongeverf gelaat om die skoonheid van sy natuurlike staat te weerspieël. ☑ Die kleur en grein van die hout is sigbaar gelos wat die bank aan die natuur koppel. ☑

- **MINIMALISME**
  Die betekenis van die term Minimalisme impliseer 'Minder is Meer', d.i. die ontwerper het die 'allernodigste' gebruik ☑ om 'n skoon en vaartbelynde vorm te skep. ☑

- **VORM-VOLG-FUNKSIE**
  Die eenvoudige vorm van die ontwerp beklemtoon sy funksie. ☑ Alle klem is op funksionaliteit geplaas en versiering is ekonomies aangewend om die eenvoudige geometriese vorm te beklemtoon. ☑

- **HERNUWE**
  Die vesels van die tekstieldeel van die bank word met herwinde plastieksakke gevorm. ☑ Die plastieksakke is hernuwe om 'n nuwe doel, d.i. van bekleedsel, te verwerf. ☑


**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

| V.1.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer Orde** | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 1.2 | 1 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer | | 1.2 | 2 |
| **Middel Orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 1.2 | 4 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Interpreteer | 30% | 1.2 | 1 |
| | Reflekteer, Oordeel | | 1.2 | 1 |
| | Sintetiseer, Regverdig | | 1.2 | 1 |

**KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP**

**VRAAG 2 [10 punte]**

2.1 **(Ken 8 punte toe)**




**(Ken 2 punte toe)**

- **Gebruik van kleur**
  Hierdie boodskap blyk binne 'n Afrika-konteks te wees as gevolg van die sub-Sahara agtergrond wat bruin, droog met baie min groenigheid is. ☑ Die gebruik van die kleur swart simboliseer die lot, leegheid en hartseer van armoede. ☑ Die kontras van die swart beeld van die meisie aan die linkerkant in vergelyking met die helderkleurige figuur van die meisie aan die regterkant kan moontlik die verskil tussen 'n toekoms met opvoeding teenoor een sonder opvoeding simboliseer. ☑

**(Ken 3 punte toe)**

- **Die gebruik van beelde in die plakkaat**
  Die boodskap van die plakkaat dra die belangrikheid van die opvoeding van klein meisietjies as net so belangrik as die opvoeding van klein seuntjies oor. ☑ Dit word deur die beeld van die klein meisietjie in die voorgrond en die beeld van die klein seuntjie in die agtergrond van beide plakkate gekommunikeer. ☑ Manlike kinders word dikwels 'n geleentheid gebied om 'n opvoeding te kry omdat hulle tradisioneel as die toekomstige broodwinners gesien word. ☑ Die meisiekind word aan die ander kant as 'n toekomstige moeder en vrou, van baie min belang, gesien en daar is dus geen behoefte aan opvoeding nie. ☑ Die klein kaalvoetmeisietjie aan die linkerkant dra armoede oor. ☑

**(Ken 3 punte toe)**

- **Die lettertipe in die slagspreuk van die veldtog (Omdat ek 'n meisie is)**
  Die '**I**' in die slagspreuk is verleng/uitgerek ☑ wat kan kommunikeer dat 'n mens deur die bemagtiging van meisies met opvoeding vir hulle die mag gee om vir die sterre te reik. ☑ Deur drome te bewaarheid en hulle toe te laat om 'n blink toekoms te hê. ☑ Die lettertipe is effens kinderlik om haar kwesbaarheid te wys. ☑ Die grootte en kleur van die woord 'girl' is uitgelig om die belangrikheid van die opvoeding van meisies te beklemtoon. ☑ Die pienkrooi kleur van die lettertipe stereotipeer ook teenoor meisies. ☑

**(Ken 2 punte toe)**

2.2 Hierdie plakkaat in FIGUUR C neem dit as vanselfsprekend dat alle mans toegang tot opvoeding het ☑ en dat alle landelike swart meisies benadeel en gedoem is om verwagtend te raak, sonder om 'n opvoeding te kry. ☑ Die plakkaat stereotipeer teen swart meisies omdat daar meisies van ander rassegroepe is wat ook deur armoede geraak word. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

| V.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer Orde** | Onthou, Herroep, Herken, Noem | 30% | 2.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer | | 2.1 | 1 |
| **Middel Orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 2.1<br>2.2 | 3<br>1 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 2.1 | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer, Oordeel | | 2.2 | 1 |


**VRAAG 3 [10 punte]**

**BEANTWOORD ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.**

**(OPSIE 1)**

3.1 **[10 punte]**





Die rok in FIGUUR D kon deur die vloeiende drag van Arabiese vroue **beïnvloed** wees. ☑ Die gebruik van die stewels en sterk swart bande in die patroon roep bande met uniforms/wapenrusting van soldate op, asook met die 'Sub-Sahara emo' subkultuur (die gebruik van baie swart in die klere met swart stewels). ☑ FIGUUR E is 'n eklektiese ontwerp beïnvloed deur baie style en bewegings, byvoorbeeld die liniêre tekstuur op die oppervlak van FIGUURE E herinner aan Indonesiese batikmateriaal, terwyl die sterk diamant- en driehoekige patrone Xhosa Shweshwe in styl is. ☑ Die kort, pofferige romp is funky, meisieagtig en kontemporêr in inspirasie. ☑ Die **patroon** op FIGUUR D is modern en kan deur masjieneeubewegings soos die Bauhaus en De Stijl geïnspireer wees omdat dit uit reguit lyne en geometriese blokagtige fatsoene bestaan. ☑

FIGUUR D se **vorms** is groot en swiepend, bestaande uit 'n swaar, vloeiende en los rompvorm en 'n blokagtige bostuk terwyl FIGUUR E se vorms klein en lewendig is. ☑ Die bostuk van FIGUUR E is noupassend, kontrasterend met die romp wat kort en pofferig is en 'n meisieagtige jeugdigheid uitstraal. ☑ Die groot, swiepende vorms van FIGUUR D wek in vergelyking beelde van tradisionele etniese stamdrag op. ☑

Die herhaling van dun, reguit horisontale en dik horisontale en vertikale bande van swart skep 'n treffende vlegagtige patroon. ☑ Die patroon op FIGUUR E aan die ander kant is meer organies en Afrika in styl as gevolg van die herhalende knoop-en-doop of batiktekstuur en die herhalende klein driehoekies en diamante. ☑

Die swaar swart bande en sterk rooi primêre **kleur** van FIGUUR D skep 'n dramatiese, opvallende ontwerp. ☑ FIGUUR E bestaan ook uit 'n dominante rooi, maar hierdie rooi is dieper en stemmiger. ☑ Die kontraste van geel en wit driehoeke vorm areas van ligkontraste wat 'n lewendiger oppervlak as daardie van FIGUUR D skep. ☑ Die kontras tussen rooi en swart skep 'n dinamiese kleurestetika. ☑

Beide rokke kan as **avant-garde** beskou word. FIGUUR D vermeng 'n tradisionele rokvorm met 'n moderne masjien-eeupatroon en kombineer dit met industrieelagtige swart stewels om 'n amper futuristiese beeld te skep. ☑ FIGUUR E gebruik 'n tradisionele Afrika-druk om 'n funky moderne rok te skep. ☑ Die kombinasie van 'n Westerse vilthoed bo-op 'n Afrika-serp, asook die insluiting van hoë hakke en 'n etniese styl halssnoer, beklemtoon die eklektisisme van die ontwerp. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

**LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 3 punte mag vir vergelykings in tabelvorm toegeken word. Gebruik die rooster vir kognitiewe vlakke as riglyn wanneer jy merk.**

| V.3.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| Laer Orde | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 3.1 | 1 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf | | 3.1 | 2 |
| Middel Orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 3.1 | 4 |
| Hoër Orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 3.1 | 1 |
| | Evalueer, Reflekteer | | 3.1 | 1 |
| | Skep, Sintetiseer | | 3.1 | 1 |

**OF**

**(OPSIE 2)**

3.2 **[10 punte]**






Die Notre Dame du Haut **funksioneer** as 'n kontemporêre plek van aanbidding, opgedra aan die Maagd Maria. ☑ Die Basilika van St Paul is ook 'n plek van aanbidding ter ere aan St Paul wie se graf direk onder die altaar geplaas is. Dit is 'n Romeinse basilika, die eerste model wat as 'n Christenkerk gebou is. ☑

Tipies van die Romeinse Basilika van St Paul se hoof**struktuur** is 'n eenvoudige reghoek met drie gange, waarvan die hoofgang in die middel (die naaf) hoër as die kante gebou is en vensters ('n bobeuk) bokant die sygange insluit. ☑ Die herhaalde vertikale kolomme en 'n horisontale entablement skep 'n baie stabiele struktuur, tipies van klassieke argitektuur. ☑ Die struktuur van die Notre Dame du Haut aan die ander kant is baie onreëlmatig, beeldhouagtig en organies wat aan swaar rotsformasies herinner. ☑ Die semi-ronde altaar aan die bopunt van die basilika versag die algemene reghoekigheid. ☑ Die Notre Dame du Haut aan die ander kant bestaan uit baie gekromde kante gebalanseer deur 'n paar vertikale. ☑ Die dak van die Notre Dame du Haut herinner 'n mens aan 'n plat rots en lyk asof dit sweef vanaf die binne-kant. 'n Ruimte van etlike sentimeter tussen die dak en die mure, wat dag**lig** inlaat, verhoog hierdie swewende gevoel. ☑

Die Basilika van St Paul kry sy sagte, gloeiende **lig** van die ry vensters in die bobeuk, ☑ terwyl die Notre Dame du Haut lig van reghoekige openinge diep gesetel in die dik mure kry, wat 'n spirituele en dromerige atmosfeer binne die gebou aanneem. ☑ Die Basilika se lig is goudkleurig om God se Koninkryk te vereer terwyl die lig in die Notre Dame wit is om God se reinheid te vereer. ☑

Die Basilika is van tradisionele natuurlike **boumateriale** soos marmer, albaster en graniet gebou, terwyl die Notre Dame du Haut van beide wit klip en rowwe beton gebou is. ☑ Die klip wat die Basilika oorheers, gee dit 'n soliede, sterk gevoel. ☑ Die beton en klip van die Notre Dame du Haut straal ook soliditeit en aardsheid uit. ☑ Die vloer van die kapel volg die natuurlike helling van die heuwel afwaarts na die altaar. Sekere dele, veral daardie waarop die interieur- en eksterieur-altare rus, is van pragtige wit klip van Bourgogne, so-ook die altare self. Die torings is van klipmesselwerk gebou en word deur sementkoepels gekroon. ☑

Baie oppervlaktes van die Basilika is hoogs **versier** met goue en gekleurde glas-mosaïeke wat godsdienstige beelde soos die Openbaring van Johannes, met die borsbeeld van Christus in die middel, die 24 doktore van die kerk weerskante, bekroon deur die vlieënde simbole of die vier Evangelies, illustreer. ☑ Hierdie versiering is baie sensueel en ekspressief. ☑ Die muuroppervlaktes van die Notre Dame du Haut in kontras is onversier en wit geverf, wat eenvoud en reinheid weerspieël. ☑ Die dak is ook 'n neutrale swart wat tot hierdie algemene bui van erns bydra. ☑ Die oppervlaktes van die Basilika is glad terwyl die interieur- en die eksterieuroppervlaktes van die kapel bedek is met messelklei, opgespuit met 'n sementgeweer en dan afgewit, wat dit 'n organiese gevoel gee. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings of vergelyking tussen 'n klassieke en kontemporêre gebou wat die kandidaat bestudeer het.**

**LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 3 punte mag vir vergelykings in tabelvorm toegeken word. Gebruik die rooster vir kognitiewe vlakke as riglyn wanneer jy merk.**

| V.3.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer Orde** | Onthou, Herroep, Herken | 30% | 3.2 | 1 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer | | 3.2 | 2 |
| **Middel Orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 3.2 | 4 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 3.2 | 1 |
| | Evalueer, Reflekteer | | 3.2 | 1 |
| | Skep, Sintetiseer, Regverdig | | 3.2 | 1 |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS

### VRAAG 4 [30 punte]

4.1 **(Ken 20 punte in totaal toe)**
**(Ken 10 punte vir elke beweging toe. Let asseblief daarop dat slegs een punt vir die naam van die ontwerper en produk vir elke beweging toegeken kan word. Gebruik asseblief die rooster vir kognitiewe vlakke as riglyn wanneer jy merk.)**

Hierdie memo verskaf 'n antwoord vir die volgende twee moontlikhede:
**KUNS EN KUNSVLYT EN DEKONSTRUKTIVISME**

**Kuns en Kunsvlyt**
Bogenoemde aanhaling is deur William Morris, een van die stigters van die Kuns-en-Kunsvlytbeweging. Die Kuns-en-Kunsvlytbeweging se **doelwit** was om klem op die natuurlike eenheid tussen vorm, funksie en versiering te plaas, ☑ wat hul ontwerpe eenvoudig, elegant en funksioneel gehou het. ☑ Hulle het beoog om die swak smaak en ondergeskikte kwaliteit van massageproduseerde goedere, wat onderontwerp en vol onnodige detail was, om te keer. ☑ Die beweging het beoog om die kapitalistiese industriële produksie gebaseer op geldmaak, te verwerp. ☑ 'n Aantal kunstenaars en handwerkkunstenaars was betrokke en dit was die aanvang waar gewig aan die ontwerp van alledaagse voorwerpe gekoppel is. ☑ Gedurende die Victoriaanse era is baie fabriekvervaardigde ontwerpe deur die masjienoperateurs of die fabriekseienaars ontwerp. ☑ Hul ontwerpe het van swak smaak getuig en was vol onnodige detail. Soos bogenoemde aanhaling dit stel; Morris het die oogpunt dat ontwerp beide mooi en funksioneel behoort te wees, ontwikkel. 'n Fokus op kwaliteit en vakmanskap en die gebruik van natuurlike materiale **kenmerk** die Kuns-en-Kunsvlytontwerpe as eerlik, bedoelende dat 'n mens die laste en vervaardigingsmerke kan sien in plaas daarvan om dit te probeer wegsteek of met dekoratiewe elemente te verdoesel. ☑ Ontwerpe is eenvoudig, elegant en funksioneel gehou en gebrandskilderde glas, hout, tekstiele en natuurlike bakstene was gewilde materiale. ☑

Alle papier-, ink- en tekstielontwerpe is met die hand en die gebruik van organiese materiale vervaardig. Dit is 'n sleutelkenmerk van Kuns-en-Kunsvlytontwerp en die resultaat is algemene beheer oor die kwaliteit en vervaardiging van ontwerp. ☑ Die Kuns-en-Kunshandwerkstylkenmerke kom terug op die Middeleeuse argitektuur en tapisserieë, geïllumineerde manuskripte en landelike versiering- en meubelstyle. ☑ Hul onderwerpmateriaal is van die plante, diere en die voëls van die natuur verhaal, veral in muurpapier en tekstielontwerp. ☑

William Morris het op katoen begin druk toe hy die Merton-klooster in 1881 gekoop het. Getrou aan die doelwitte en kenmerke van die beweging het Morris beoog om 'n item, wat mooi, handgemaak en op so 'n wyse dat dit die werkers tot voordeel sou strek, te vervaardig. ☑ Materiale is gekleur met slegs die hoogste kwaliteit-, natuurlike kleursels, gebaseer op kruieresepte. ☑ Die gedrukte **tekstiel van die Morris en My. 1884 vervaardig in die Merton-klooster** is gekleur deur die indigo bleikmetode te gebruik. Die metode behels eerstens die verkleuring van die katoen met 'n indigo-blou skakering en dan die areas waar die ontwerp verskyn, met bleikmiddel te verwyder. Ten laaste word die materiaal weer gekleur met rooi en geel, wat tot 'n diep palet van rooie, oranjes, perse, groene en bloue lei. ☑ Die tekstielontwerp is op natuurlike motiewe (blomme, wingerde en blare) gebaseer. 'n Sin vir perspektief word verkry deur die oorvleueling van blomme en stingels. Tekstuur is deur patroonvorming bereik. Sagte golwende lyne en gereelde gekromde patrone van blare en blomme saam met die gestileerde krulblaar-patroon skep 'n esteties bekoorlike ontwerp. ☑ Hierdie voorbeeld is beide bruikbaar en mooi.

**Dekonstruktivisme**
In teenstelling met bogenoemde aanhaling het Dekonstruktivistiese ontwerpers gefokus op die verkenning van die verhouding tussen verskillende dele van die ontwerp in plaas daarvan om op die funksie en die konstruksie en estetika van ontwerpe te fokus. ☑ Die gevolglike styl lyk na ontwerpe wat onreëlmatig en letterlik gefragmenteerd is. ☑ 'Onnodige' lyne en vorms word ter wille van die skepping van nuwe en oorspronklike strukture geskep. ☑

Die **doelwitte** van Dekonstruktivisme is op die skrywe van die Franse filosoof Jacques Derrida gebaseer. Derrida verken onsekerhede en teenoorgesteldes wat in 'n staat van onstabiliteit is, asook die ongesiene verhoudings tussen alles eerder as die funksie en bruikbaarheid van dele. ☑ Hulle ontwerpe was daarop gemik om dinge uitmekaar te trek om sodoende die verhouding tussen dele te ondersoek. ☑ Dekonstruktivisme poog om bestaande strukture en vorms, wat deur die eeue heen aanvaar is, te bevraagteken. ☑ Hierdie basiese norme word omvêrgegooi en verstoor. Lyne en vorms word vloeibaar en verwerp dikwels swaartekrag of visuele stabiliteit. ☑


Frank Gehry is 'n Dekonstruktivistiese argitek wat hoogs onkonvensionele materiale op ongewone wyses gebruik. Gehry het baanbrekerswerk in argitektoniese ontwerp gedoen deur die stilistiese **kenmerke** van Dekonstruktivisme te verken deur die manier waarop hy fatsoen en tekstuur manipuleer. ☑ Die **Guggenheim Kunsmuseum** in Bilbao Spanje is 'n ikoniese voorbeeld van Dekonstruktivisme. ☑ Sy funksie/'gebruik' as 'n kunsmuseum is ondergeskik en die feit dat dit nie aan normale gebouspesifikasies voldoen nie, weerspreek die laaste deel van bogenoemde aanhaling. Die gebrek aan gelykvormigheid laat toe dat die gebou as lelik beskou en dus nie as mooi geag kan word nie; dit verontagsaam die norme van 'n Klassieke Westerse kunsmuseum. ☑ Die onkonvensionele buitekant van die gebou, met dik halfmillimeter titaanpanele bedek, weerspieël ten alle tye van die dag en nag lig wat met kalksteen en glas afgewissel word en deursigtigheid en 'n neutrale kleur verskaf. Die titaan oksideer nie, maar is 'n uiters ongewone en kontroversiële dekkingsmateriaal vir geboue. ☑ Hierdie materiaal word vir hul onkonvensionele kenmerke eerder as vir hul 'skoonheid' of 'bruikbaarheid' gekies. ☑

Die Guggenheim Kunsmuseum, wat in die Dekonstruktivistiese styl ontwerp is en kenmerkend geen konvensionele reguit lyne en reghoeke in die ontwerp het nie, skep 'n onstabiele komposisie. ☑ Hierdie lyne en vorms is nie noodsaaklik vir die funksie van die gebou nie, maar word ter wille van die verkenning van 'n nuwe argitektoniese styl, gebaseer op die verhouding van teenoorgesteldes, gebruik. ☑ Ten slotte is die Dekonstruktivistiese beweging in teenstelling met bogenoemde aanhaling. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

| V.4.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer Orde** | Onthou, Herroep, Herken, Noem | 30% | 4.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer | | 4.1 | 4 |
| **Middel Orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 4.1 | 8 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 4.1 | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer | | 4.1 | 1 |
| | Skep, Sintetiseer, Regverdig | | 4.1 | 3 |

4.2 **[10 punte]**





**Inspirasie**

De Stijl is deur 'n groep Hollandse ontwerpers, wat deur die Hollandse tradisie van logika, hardheid en helderheid geïnspireer is, gestig. ☑ Art Deco is deur 'n gemeenskap wat deur antieke eksotiese gemeenskappe soos Antieke Egipte, Asteekse beskawings en Afrika betower is, geïnspireer. ☑

**Doelwitte**

Beide Art Deco en De Stijl ontwerpbewegings vind tussen die twee Wêreldoorloë plaas. In 'n desperate poging om van die afgryse van 'n oorloggeteisterde gemeenskap te ontsnap, mik die Art Deco-beweging om 'n alternatiewe realiteit van eksotisme, glans, elegansie en luuksheid te skep. ☑ Die De Stijl-beweging aan die ander kant het nie probeer om van die realiteit te ontsnap nie, maar het probeer om die kern van realiteit deur geometriese abstraksie te vind. ☑ Hulle het gemik om orde na die chaos van die Wêreldoorlog te skep deur abstraksie te verken en die ontwerpelemente tot 'n universele taal gefokus op geometrie in te kort. ☑

Gedurende die Art Deco-tydperk is masjinerie uitvoerig gebruik om nuwe produkte wat, soos die teestel van Clarice Cliff, gemik was om aan die daaglikse behoeftes van stadsinwoners te voldoen, te skep. ☑ Die kultuur van die industriële revolusie het die stedelike bevolking vermeerder, wat beteken het dat daar 'n aanvraag vir masjiengemaakte goedere en vermaak teen bekostigbare pryse en 'n behoefte aan ontsnapping van die 'alledaagse lewe' was. ☑

**Lyn**

Die De Stijl-teepot se gebruik van vertikale en horisontale lyne is tipies van die beweging se onbuigsaamheid. ☑ Hulle het van tradisie wegbeweeg en het sterk geometriese lyne gebruik om 'n eenvoudige, skoon resultaat te kry. ☑ Die lyn van die Art Deco-teepot is meer gevarieer en ekspressief as gevolg van die gebruik van golwende en reguit lyne om 'n meer organiese gevoel te skep. ☑

**Fatsoen**

Kenmerkend van Art Deco is die teepot se gebruik van eenvoudige modernistiese fatsoene. Die kante is skoon, reguit en sigsag rante skep dinamiese, vaartbelynde fatsoene. ☑ Aan die ander kant het die De Stijl-beweging die gebruik van suiwer, geometriese fatsoene begin. ☑ Hierdie kenmerk is duidelik in die De Stijl-teepot wat sterk reghoekige fatsoene vertoon. ☑

**Versiering**

De Stijl se versiering is abstrak, ontwikkel vanuit hulle fokus op meetkunde en wiskunde. ☑ In plaas van tradisionele versiering soos steeds sigbaar in die Art Deco-teestel, het dit van alle ontwerp- en kunskonvensie weggebreek. ☑ Die 'De Stijl-teepot' toon die vereenvoudiging van versiering in 'basiese' boublokkies van visuele uitdrukking, geometriese vorms, vertikale en horisontale lyne en slegs die drie primêre kleure, swart en wit. ☑ De Stijl het alle verwysing na tradisie en eksterne realiteit verwerp en het na argitektuur en stedelike beplanning vir versiering gekyk. ☑ Strydig hiermee toon die Art Deco-teepot herkenbare onderwerpe soos die son, berge en 'n blom, maar tipies van die beweging, is hierdie beelde gestileerd, dekoratief en tweedimensioneel. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

**LET WEL: 'n Maksimum van 3 punte mag vir vergelykings in tabelvorm toegeken word. Gebruik die rooster vir kognitiewe vlakke as riglyn wanneer jy merk.**

| V.4.2 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (10) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer Orde** | Onthou, Herroep, Herken, Noem | 30% | 4.2 | 1 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer | | 4.2 | 2 |
| **Middel Orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 4.2 | 4 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 4.2 | 1 |
| | Evalueer, Reflekteer | | 4.2 | 1 |
| | Skep, Sintetiseer, Regverdig | | 4.2 | 1 |

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: ONTWERP IN 'n SOSIO-KULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS**

**VRAAG 5 [20 punte]**
**BEANTWOORD ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.**
**(OPSIE 1)**

5.1 **[20 punte]**

5.1.1 **(Ken 6 punte toe)**




**(Ken 2 punte toe)**

- **Visuele beeld**
  Die plakkaat dra die boodskap dat rook sleg vir 'n mens se gesondheid is, oor. ☑
  Die beeld van verrottende tande is 'n baie afstootlike beeld wat die negatiewe impak op 'n mens se gesondheid suksesvol oordra. ☑ Die vleis om die tande lyk opgehewe wat tot hierdie anti-tabak boodskap bydra. ☑

**(Ken 2 punte toe)**

- **Ontwerpuitleg**
  Die beeld is strategies geplaas sodat dit lyk asof 'n hand wat na 'n sigaret uitreik, gebyt kan word. ☑ Dit beklemtoon ook die gevaar van rook. ☑ Omdat die beeld van die sigaretdosie groot en dominant is, word dit die fokuspunt wat die kyker konfronteer. ☑ Die boonste kwart van die plakkaat bestaan uit 'n duidelike boodskap binne 'n wit teksblok teen 'n donker agtergrond, wat ook die oog van die kyker vang. ☑

**(Ken 2 punte toe)**

- **Gebruik van lettertipe**
  'n Eenvoudige, sans serif-lettertipe is gebruik wat help om die boodskap op 'n duidelike en direkte manier oor te dra. ☑ Die gebruik van hoofletters beklemtoon die belangrikheid van die boodskap wat oorgedra word. ☑ Die wit lettertipe kontrasteer met die swart agtergrond wat die belangrikheid van die boodskap verder beklemtoon. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

5.1.2 **Ken 14 punte in totaal toe**
**(Ken 7 punte per gevallestudie toe)**
**Ken 1 punt vir die naam van die ontwerper en die naam van die produk toe.**



EEN KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE ONTWERPER/ ONTWERPGROEP:

**Halssnoer van vilt en krale** deur Zimele Sosiale Bemagtiging kunshandwerkgroep ☑

**Doelwitte:**
Zimele fokus op die ontwikkeling van gemeenskapselfstandigheid deur middel van kunshandwerk. ☑
Zimele is 'n organisasie sonder winsbejag gebaseer in Pietermaritzburg wat in 2007 deur Rosetta Stander gestig is. Vasberade om die kringloop van 'afhanklikheid van aalmoese' te breek met haar model op hoogs suksesvolle skemas in Indië gebaseer, het sy Zimele, wat 'mense staan op hul eie voete' in Zulu beteken, gestig. ☑ Zimele is 'n organisasie sonder winsbejag wat as fasiliteerder dien, nie net om mense vir 'n dag te voed nie maar hulle te lei na 'n oortuiging van hul persoonlike vermoëns om hulself uit armoede te werk. ☑ Zimele se doelwit is om die individu se reis na eiewaarde, selfverwesenliking en uiteindelik volhoubare selfvoorsiening te fokus. Mense kan gevolglik ten volle op 'n gemeenskapsvlak volgens hul individuele vermoëns tot die uiterste voordeel van beide die individu en die wyer gemeenskap bydra. ☑

**Metodes en prosesse:**
Zimele implementeer tans sy programme in al 11 distrikte van KwaZulu-Natal met ongeveer 3500 vroue aktief betrokke by Zimele. ☑

Die Zimele-model werk om:
- vroue te bemagtig deur vaardighede, hulpbronne, ondersteuningstelsels en netwerke te ontsluit en
- nuwe geleenthede soos plaaslike en internasionale markte en skakels met regeringsprogramme te skep ☑

Zimele streef hierdie droom na deur vroue van die kennis, vaardighede, hulpbronne en ondersteuningsnetwerke te voorsien om hulself en hul families te dra. ☑ Vroue is tradisioneel uitstekende handwerkkunstenaars in die Zulu-gemeenskap en baie landelike vroue besit bestaande handwerkvaardighede. ☑

Hulle word deur Zimele opgelei om hoë kwaliteit items te maak deur hul ongelooflike talente te gebruik. Hulle werk met materiaal, vilt en krale om 'n reeks skryfbehoeftes, sakke, sierade, huisware en juweliersware te maak. ☑ Die reeks sluit sakke, dekor, huisware en juweliersware gemaak van vilt, kralewerk en materiaal in. ☑

Die opleiding en materiale is gratis, alhoewel daar van die vroue verwag word om die nodige gereedskap/toerusting soos naalde, skêre en tange te koop. ☑ Sodra die produkte van 'n goeie standaard is, koop die vroue die rou materiale en Zimele betaal vir die items wat hulle op bestelling maak. ☑

**'n Bespreking van EEN voorbeeld wat sosiale verantwoordelikheid weerspieël**
**Die Halssnoer gemaak van vilt en krale** bestaan uit kleurvolle sirkelagtige skywe van verskillende groottes ☑ wat van verskillende tou-/garestringe hang om 'n speelse en prettige halssnoer te skep. ☑



EEN INTERNASIONALE ONTWERPER/ONTWERPGROEP
**Makoko drywende skool** is deur NLE in samewerking met die Makoko Waterfront Gemeenskap in die staat van Lagos ontwerp en gebou. ☑

Nigeriese argitek Kunlé Adeyemi, ☑ die stigter en prinsipaal van NLÉ Werke, in samewerking met die Makoko Waterfront Gemeenskap het die drywende skool in die staat van Lagos uitgedink, ontwerp en gebou. Die projek is aanvanklik deur die NLE self gefinansier en het later navorsingfondse van Heinrich Boll Stiftung ontvang, asook fondse vir die oprigting daarvan van die UNDP/Federale Ministerie van die Omgewing Afrika se Aanpassingsprogram ('Africa Adaptation Programme'/AAP).

**Doelwitte:**
Makoko Drywende Skool is 'n 'prototipe' geboustruktuur vir NLÉ se voorgestelde 'Lagos Watergemeenskapsprojek' en die 'Afrika Waterstede' navorsingsprojek. ☑
Makoko Drywende Skool kyk na fisiese en sosiale behoeftes met die oog op die groeiende uitdagings van klimaatverandering in 'n verstedelikte Afrika-konteks. ☑ Dit is 'n beweegbare 'gebou' of 'watertuig' wat tans in die waterbewoonde gemeenskap van Makoko in die hart van die strandmeer van Afrika se tweede mees bevolkte stad - Lagos, Nigerië – geleë is. Dit is 'n drywende struktuur wat by die getyveranderinge en wisselende watervlakke, wat dit veilig teen vloede en stormgolwe maak, aanpas. ☑ Dit is ontwerp om hernubare energie te gebruik, organiese afval te herwin en reënwater op te vang. ☑

**Metodes en prosesse:**
Die eenvoudige dog innoverende struktuur bly getrou aan die ideale standaarde van volhoubare ontwikkeling met sy inklusiewe tegnologieë vir hernubare energie, afvalvermindering, water- en rioleringbehandeling, asook die bevordering van lae koolstof vervoer. ☑ Verder het 'n span van agt Makoko-gebaseerde bouers dit met eko-vriendelike, plaaslik-gevonde bamboes en hout verkry van 'n plaaslike saagmeule gebou. ☑

**'n Bespreking van EEN voorbeeld wat sosiale verantwoordelikheid weerspieël**
Konstruksie het in September 2012 met die oprigting en toetsing van volskaalmodelle begin. Leë herwinde plastiekdromme wat volop in Lagos gevind word, is vir die gebou se dryfstelsel bestaande uit 16 houtmodules, elk met 16 dromme, gebruik. ☑ Die modules is op die water aanmekaargesit om die platform wat dryfvermoë aan die gebou en sy gebruikers verskaf, te skep. ☑ Wanneer hierdie aanmekaargesit was, het die konstruksie van die A-raam gevolg en is dit teen Maart 2013 voltooi. Makoko Drywende Skool word nou gereeld deur die gemeenskap as 'n sosiale, kulturele en ekonomiese sentrum gebruik en sal binnekort sy eerste leerders vir gebruik as primêre skool verwelkom. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

| V.5.1 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer Orde** | Onthou, Herroep, Herken, Noem | 30% | 5.1.1 | 2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer | | 5.1.2 | 4 |
| **Middel Orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 5.1.1<br>5.1.2 | 4<br>4 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 5.1.2 | 3 |
| | Evalueer, Reflekteer, Oordeel | | 5.1.2 | 2 |
| | Skep, Sintetiseer, Regverdig | | 5.1.2 | 1 |

**OF**

5.2 **(OPSIE 2) [20 punte]**


5.2.1 **(Ken 10 punte toe: 2 punte per vereiste)**

**Tradisionele kralewerk** is as 'n metode van koloniale handeldryf gebruik. ☑ Dit was ook 'n manier van uitdrukking, ☑ kommunikasie ☑ en storievertelling. ☑ In die verlede is patrone en kleure in kralewerk ingeweef om gevoelens en idees aan geliefdes en vriende te simboliseer, ☑ bv. Zulu Liefdesbriewe. Selfs al is daar vandag 'n instroming van kulture, word die tradisionele etiket van kommunikasie deur middel van kralewerk deur die jonger generasies ondersteun. ☑

**Die waarde van tradisionele handwerk** vir enige kultuur is om met die voorvaders, ☑ sosiale en kulturele praktyke ☑ en tradisies, ☑ gewoontes, ☑ kennis oor erfenis, ☑ historiese agtergrond, ☑ identiteit ☑ te herkonnekteer, alles in 'n desperate poging om uit te vind wie ons is, waar ons hoort en waarheen ons op pad is. Indien ons die verlede ignoreer, is daar geen manier hoe ons ons môre kan vind nie. ☑ Dit is 'n realiteit dat die meeste Suid-Afrikaners Wes-Amerikaanse kultuur verafgod en aanbid. ☑ As ons nie waarde aan ons tradisionele handwerke heg nie, mag Suid-Afrikaners hulle kulturele oorsprong te verloor. ☑

**Die funksie** van die meeste kralewerk word deur vroue wat in die landelike gebiede van Suid-Afrika bly, geskep. ☑ As menslike wesens het hulle hulself nog altyd deur persoonlike versiering uitgedruk en dit het gekom as 'n uitdrukking om fisiese voorkoms te verhoog. ☑ Afgesien daarvan om die fisiese voorkoms te verhoog, kon kralewerk meerdere status uitdruk ☑ of moontlik magiese eienskappe om die mens teen siekte of slegte magte te beskerm, besit. ☑

**Die materiale, metodes en prosesse** deur die kralewerkers gebruik, wys die gebruik van verskillende soorte materiale om kralewerk tot nuwe hoogtes te vat deur tradisionele kraalwerkvaardigheid met kontemporêre ontwerp te kombineer. ☑ Om juweliersware en voorwerpe wat die sinne verheug met hulle rykheid en kleur te skep. ☑ Sade, klippe, stukkies been, kleurvolle glaskrale en kosbare edelgesteentes word gebruik. ☑ Die helderkleurige krale word kreatief in diamantvormige patrone drie duim in breedte reg rondom aan katoendrade geryg. ☑ Die glaskrale word gewoonlik in blokke van vyf tradisionele kleure (hemelblou, grasgroen, rooi, swart en geel) gerangskik. ☑



**'n Beskrywing van EEN voorbeeld – isiZulu liefdesbrief**
Die gekraalde liefdesbrief word deur Zulu-vroue gebruik om met hul mans te kommunikeer. ☑ Hierdie kommunikasie word in kleure en geometriese vorms van driehoekige fatsoene en gewoonlik 'n maksimum van sewe kleure gekodeer. ☑ Die drie hoeke verteenwoordig die vader, moeder en kind. Wit verteenwoordig gewoonlik spirituele liefde, reinheid en maagdelikheid. ☑

Kleurkodering verwys na die gebruik van verskillende kleure om 'n betekenis in 'n kode oor te dra. Kleurkodering neem aan dat verskillende basiese kleure 'n statiese betekenis, letterlik of figuurlik, in 'n gegewe konteks het. Streekstyle spreek grootliks na buite. ☑

- Naam/Name van die kunshandwerker of inheemse kultuurgemeenskap wat die kunshandwerk gemaak het: Zulu-vroue in Hillcrest VIGS-sentrum. ☑
- Isishunka (sewe kleure) - wit, ligblou, donkergroen, liggeel, pienk, rooi en swart.
- Isithembu (vyf kleure) - ligblou, grasgroen, heldergeel, rooi en swart.
- Umzansi (vier kleure) – wit, donkerblou, grasgroen en rooi.
- Isinyolovane: 'n kombinasie van enige kleure wat nie met ander skemas ooreenstem nie.

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

5.2.2 **(Ken 10 punte toe)**





- **Naam van ontwerper/groep en sy/haar/hulle ontwerpproduk/te**
  Die Eierstoel deur Studio Stirling. ☑

- **'n Gedetailleerde beskrywing van hoe tradisionele tegniek/metodes en materiaal toegepas is op kontemporêre ontwerp. Verwys na spesifieke voorbeelde om jou stellings te ondersteun.**
  Studio Stirling maak pragtige handgemaakte hangstoele. ☑ Die 'Eierstoel' maak gebruik van duursame staalmateriaal ☑ en is ideaal vir gebruik buite. ☑ Die 'Eierstoel' is met unieke individualisme handgemaak. ☑ Die patrone is gesweis deur gebruik te maak van 'n weeftegniek om die estetiese en duursame kwaliteit te verhoog. ☑ Die hangstoele is die passie van Studio Stirling en hul mees populêre modelle is die 'neseier', 'lêstoel' en 'mandjie'. ☑

- **Bespreek die sosiokulturele bydrae van die ontwerp/e.**
  Die stigters van Studio Stirling beskou die maatskappy as 'n program ontwerp om samewerking tussen die ontwerpers aan te moedig, ☑ gemeenskaplike hindernisse en oplossings te deel, mentorskap en nuwe vervaardigingsprosesse en –materiale deur middel van 'n ware uitruiling van vaardighede, estetika en relase toe te pas. ☑ Die maatskappy se hoofkwartier is in Suid-Afrika en het wêreldwyd takke. Studio Stirling is gefokus op die identifisering van spesifieke areas van behoefte vir elke maatskappy ☑ en is 'n onmiddellike en besigheidsgeoriënteerde inisiatief wat die ontwerpmaatskappye in veral Oos-, Wes- en Suidelike Afrika herposisioneer. ☑

| V.5.2<br>VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-<br>TOEKENNING | VRAE | PUNTE<br>(20) |
|---|---|---|---|---|
| **Laer Orde** | Onthou, Herroep, Herken, Noem | 30% | 5.2.1<br>5.2.2 | 2<br>1 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer | | 5.2.1<br>5.2.2 | 2<br>1 |
| **Middel Orde** | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 5.2.1<br>5.2.2 | 4<br>4 |
| **Hoër Orde** | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 5.2.2 | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer | | 5.2.1 | 2 |
| | Skep, Sintetiseer, Regverdig | | 5.2.2 | 2 |

## VRAAG 6

6.1 **[20 punte]**

6.1.1 **(Ken 2 punte toe)**

Volhoubare ontwerpe verminder die verbruik van nie-hernubare bronne ☑ deur die versigtige seleksie van materiale wat bioafbreekbaar en herwinbaar vir ontwerpwerke is. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

6.1.2 **(Ken 4 punte toe)**

- **Plastiek**
  Sommige plastiek is nie hernubaar nie, ☑ hulle is verantwoordelik vir die meerderheid afval wat in riviere, die see, damme en grondopvullings gestort word. Gevolglik help die gebruik van hierdie plastiek in ontwerpprodukte om afval en die negatiewe impak op die natuur te verminder. ☑
- **Motorbande**
  Motorbande is 'n nie-hernubare bron ☑ en die meerderheid mense en handelsvervoerindustrieë gooi hul ou bande in grondopvullings weg. Die gebruik van hierdie bande as materiale in die ontwerp van produkte help om afval en die negatiewe impak op die natuur te verklein. ☑
- **Hout**
  Hout is 'n duursame bioafbreekbare/natuurlike bron; ☑ die gebruik van hierdie materiaal in ontwerpprodukte het geen negatiewe impak op die natuur nie. ☑
- **Glas**
  Glas is 'n hernubare materiaal wat vir die ontwerp van nuwe ontwerpprodukte gesmelt kan word. ☑ Die oorvloedige oorbodige glas beteken dat glas maklik beskikbaar is vir die behoeftes van ons ewiggroeiende wêreldbevolking. ☑
- **Papier**
  Gebruikte papier kan hernu en in nuwe produkte hergebruik word. ☑ Die oordrewe oorvloed van ongebruikte papier verhoog die volhoubare aard van die produk. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

6.2 **Ken 14 punte in totaal toe**
**(Ken 7 punte per gevallestudie toe)**

VOORBEELD VAN 'n SUID-AFRIKAANSE ONTWERPER:
**(Ken 1 punt aan beide die naam van die ontwerper en naam van die produk toe)**

**EEN KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE ONTWERPER WIE SE WERK VOLHOUBARE BRONNE/MATERIALE VERKEN EN DIT IN BETEKENISVOLLE ONTWERPPRODUKTE VERANDER.**





Erwin van der Weerd – argitek van 'Perfect Places' ☑ **(Ken 1 punt toe)**

**Titel en kort beskrywing van ten minste een voorbeeld onderneem deur die ontwerper/ontwerpagentskap of –ateljee (Ken 3 punte toe)**

**Die Hennephuis gebou deur Hemporium se Tony Budden en Duncan Parker, Kaapstad Suid-Afrika.** ☑

Die Hennephuis is 'n tweeslaapkamerhuis, ☑ kenmerkend met skerp hoeke, glad en minimalisties. ☑ Die huis is onlangs in Noordhoek, Kaapstad, voltooi met hennepbeton ('hempcrete'), hennepisolasie, ☑ hennepspaanderbord vir kaste en muurbedekkings. ☑ Hennepmatbedekking is vir die vloere gebruik, ☑ hennepmateriaal vir die gordyne, oortreksels, bedlinne en beligting. ☑ Hennepisolasie is onder die vloer gebruik ☑ en hennepolie as 'n beskermingslaag vir houtmeubels. ☑ Die hennep-aspek van die gebou, wat vir tot 50% van die mure verantwoordelik is, is binne 'n paar maande sonder die behoefte aan landbouchemikalieë gegroei ☑ en het 'n asemhalende, natuurlike, volhoubare en koolstofvriendelike gebou tot gevolg. ☑ Die vensters is met gas gevul, ☑ hulle verhoed met dubbele aksie verseëling dat hitte uit die toe vensters ontsnap. ☑ Die vensters word deur 'n outomatiese openingstelsel, gekoppel aan termostate wat die binne-temperatuur deur die opening van die koeler/warmer kant van die huis afhangende van die tyd van die jaar reguleer, gekomplimenteer. ☑ Die kombuis is ontwerp met 'n kombinasie van herwinde tweede lewe winkelblaaie van Cannata en herwinde oregondennehout. ☑ Die badkamers spog met herwinde tweede lewe klipblaaie op die bamboeswasbakeenhede, ondeurdringbaarheid vir water en estetiese trefkrag. ☑ Kurkvloere word op die grondvloer gebruik, hoofsaaklik as gevolg van die volhoubare element (slegs die bas van die boom word geoes wat beteken dat die boom nie beskadig word nie omdat dit nuwe bas groei). ☑ Alle beligting is energiebesparende LUD's verskaf deur Earthpower. ☑ Toestelle soos die yskas, wasmasjien, skottelgoedwasser en televisie is ook inskiklik tot energiebesparing. ☑

Kopiereg voorbehou 

- **Transformering van volhoubare materiaal**
  Die 'hennephuis' is 'n projek om industriële hennep en sy potensiaal as 'n eko-konstruksiemateriaal te vertoon. ☑ Die hennephuis is 'n bestaande voorbeeld van die lewensvatbaarheid van die vervanging van tradisionele boumateriale met volhoubare materiaal. Die huis is ook 'n aanmaning van die merkwaardige omgewingsvoordele wat verwerf kan word deur die meer uitgebreide integrasie van hennep in die konstruksiebedryf. ☑ Hennepkonstruksie fokus op die gebruik van die hennepstingels, wat lang sterk hol drade lewer wat vir die maak van isolasiematte gebruik kan word ☑ terwyl die houtgedeeltes in boomvrye spaanderbord vir die gebruik in kabinette en panele gedruk kan word, ☑ asook hennepbeton ('hempcrete') wanneer dit met 'n kalkgebaseerde bindmiddel gemeng word. ☑ Die doel daarvan om hennep in konstruksie te gebruik, is om van 'n ekstraktiewe metode, afhanklik van ontginde en sintetiese materiale, weg te beweeg na 'n hernubare metode. ☑

- **Die impak van die ontwerp op die omgewing**
  Industriële hennep verwys na 'n nie-narkotiese hennep-/daggakultivar wat vir 'n wye reeks eindprodukte gebruik word. Hennep het antibakteriële en anti-allergie kwaliteite ☑ met uitstekende hitte- en klankisolasiekwaliteite. ☑ As 'n organiese vesel laat dit die mure toe om asem te haal en help dit om die lug te suiwer. ☑ Hennep groei binne 4-5 maande tot 4m hoog en is van nature organies. ☑ Dit kan as 'n volhoubare bron van papier, brandstof, tekstiele, konstruksiemateriale, biosamestellings, voeding, grimering en meer gebruik word. ☑ Tans word dit streng beheer as gevolg van sy onwettige neef, marijuana/dagga, maar meer as 40 lande kweek dit nou as deel van 'n terugkeer na 'n groen volhoubare ekonomie. Hennep het 'n lae koolstofspoor en het gevolglik geen negatiewe impak op die omgewing nie. ☑

VOORBEELD VAN 'n INTERNASIONALE ONTWERPER
**(Ken 7 punte per gevallestudie toe – 1 punt vir ontwerper en ontwerpproduk)**



Die 'bogo'-borsel deur John McDougall en Heather McDougall. ☑

- **Kort beskrywing van ten minste een voorbeeld onderneem deur die ontwerper/ontwerpagentskap of –ateljee**
  Die 'bogo'-borsel is 'n silindriesgevormde, bioafbreekbare tandeborsel. ☑ Die nylonhare van die borsel is ook 100% bioafbreekbaar. ☑ Die ontwerp van die borsel is eenvoudig. ☑ Die silindriese vorm van die tandeborsel maak dat dit perfek in 'n mens se hand pas. ☑ Die 'bogo'-borsel se bamboeshandvatsel vervang die rubberhandvatsels van gewone tandeborsels. ☑

- **Transformering van volhoubare materiaal**
  Die tandeborsel is met die houtagtige bamboesplant en afvalplastiek, bestem vir die grondopvulling, saamgestel. ☑ Die plastiek wat vir grondopvulling bestem is, word met plante van Amerikaanse plase gekombineer om die bioafbreekbare handvatsel te skep. ☑

- **Die impak van die ontwerp op die omgewing**
  Die 'bogo'-borsel voorkom om by te dra tot die 450 miljoen tandeborsels wat jaarliks in die VSA weggegooi word. ☑ Die produk het 'n lae koolstofspoor met geen negatiewe impak op die omgewing nie. ☑ Sodra dit ouer as die aanbevole drie maande is, kan dit op 'n komposhoop weggegooi of sommer begrawe word as gevolg van sy bioafbreekbare eienskappe. ☑

**Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

| V.6 VLAK | KOGNITIEWE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING | VRAE | PUNTE (20) |
|---|---|---|---|---|
| Laer Orde | Onthou, Herroep, Herken, Noem | 30% | 6.1.1<br>6.2 | 1<br>2 |
| | Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer | | 6.1.1<br>6.1.2 | 1<br>2 |
| Middel Orde | Toepas, Implementeer, Organiseer | 40% | 6.1.2<br>6.2 | 2<br>6 |
| Hoër Orde | Analiseer, Vergelyk, Interpreteer | 30% | 6.1.2 | 2 |
| | Evalueer, Reflekteer, Oordeel | | 6.2 | 2 |
| | Skep, Sintetiseer, Regverdig | | 6.2 | 2 |

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou